

TIPPING POINT ONDERWERPE VIR GEBED, VANAF 4 MAART 2019

Dankie dat jy steeds saambid. Hiermee ons gebed punte vir tydperk vanaf 04/03/2019.

Gebed punte is gerangskik dag vir dag sodat jy elke dag van die week oor 'n verkillende onderwerp kan bid. Ons bid in essensie vir dieselfde sake, die klem verskil soos die Here dit op ons harte lê. Ons volg die voorbeeld wat die Here self vir ons gee in die gelykenis van die onregverdige regter – God nooit ons uit om aanhoudend oor dieselfde sake te bid en nie moeg of moedeloos te word nie. Soos die vrou dieselfde saak dag vir dag voor die regter gebring het, presies so, nooit die Here ons om dieselfde sake voor Sy troon te kom lê, vas in die wete dat Hy SAL hoor (Jesaja 62:6-7. Lukas 18:1-8)

Sommige sake is egter van sulke kardinale belang dat ons elke dag daarvoor intree. Vir die volgende maand of twee vra ons voortdurende daaglikse voorbedding vir die 8 Mei verkiesing, vir die droogte, asook gebed teen korrupsie

Inleiding.

God se deur van genade staan nog oop vir ons land Suid Afrika. Ons het nog infrastruktuur, ons skole, universiteite, kolleges, beskermingsdienste, howe, banke, hospitale ens funksioneer nog – op 'n manier, op wankelrige bene, maar dit funksioneer nog.

God gee ons nog genadetyd om hom aan te roep voordat dit te laat is een ons hele land se infrastruktuur in duie gestort het. Is ek te negatief?? Is ek onrealisties?? Ek glo nie. Vra enige skoolhoof, universiteit rektor, polisie generaal, weermag generaal, ekonoom, wie ook al – ons land is op geleende tyd, in die intensiewe eenheid, kritiek siek maar nog lewendig....

My liewe broer en suster, ek en jy wat vir Suid Afrika intree, gaan ons hierdie genadetyd benut en gebruik? Ja ons dien In geduldige God, ons dien 'n genadige God, dis alles waar. Maar ons het nie onbeperkte tyd nie – selfs 'n genadige God se geduld en genade raak op....

Onthou die Israeliete moes op die 7e dag 7 keer om Jericho stap, toe kom die oorwinning. Dieselfde beginsel geld vir gebed – Die Here wag vir Sy kinders om hulle gebede te versnel, en te intensifiseer, hoe nader ons aan die uitkoms kom.

Ons pleit by jou, Suid Afrikaanse bidder: Hou aan om vir ons land te bid, maar moenie net aanhou nie, versnel en intensifiseer jou gebed, ons dien 'n God wat SAL hoor, moenie moed opgee nie, asseblief!

DAAGLIKS GEBED – VERKIESING 2019, LANDWYE DROOGTE, OOPVLEK EN UITROEI VAN KORRUPSIE.

Verkiesing:

Met 2019 se verkiesing gun die Here vir ons, Sy kinders, nog 'n kans, nog 'n geleentheid om Sy seën oor ons land af te bid. In 1994 het die Here hierdie land van 'n ramp gered, in antwoord op Sy kinders se gebede. Die enigste rede waarom die Here nie weer sal ingryp op soortgelyke wyse in 2019 se verkiesing, sal wees omdat Sy kinders te trots of te lui was om tot Hom te roep, dag en nag, vir Sy seën, en Sy genade oor ons pragtige land Suid Afrika.

My kosbare broer/suster in Christus. Ons skuld dit aan die Here, aan ons kinders, aan ons mede Suid Afrikaners, en aan elke ongeredde persoon in ons land – bid vir die verkiesing in 2019. God SAL wonderde doen, kom ons vertrou Hom daarvoor!

Ons bid daaglik vir die verkiesing:

- 'n Vreedsame en geseënde verkiesing in 2019.
- 'n Parlement wat:
 - God eer en erken in elke besluit.
 - Jesus Christus erken as koning van Suid Afrika.
- President Cyril Ramaphosa of die nuwe gekose president
 - Dat hy onbeskaamd sy vertrou in die Here stel, en elke beslissing toets aan die Woord van God.
 - Dat hy Jesus Christus as sy verlosser en saligmaker sal aanvaar, erken en bely.

Vra ons nie dalk te veel nie, dit wat ons hier vra is menslik gesproke totaal onmoontlik. Nee ons vra nie te veel nie, ons dien dan juis die God van die onmoontlike – kom ons vertrou die Here om te doen vêr bokant wat ons kan dink of droom, en bogenoemde gebede op wonderbaarlike manier te beantwoord! (Efes 3:20)

Droogte:

Die Here het reeds wonderbaarlike uitkomstes gebring vir dele van ons land wat swaar gebuk was onder droogte. Daar is egter nog 'n paar provinsies wat steeds nie verligting ervaar het nie.

Bid daaglik vir die droogte:

- Vir die dele wat nog swaar onder droogte deurloop, veral:
 - Oos kaap
 - Noord kaap
 - Vrystaat
 - Noord Wes provinsie.
- Ons bid saam met, en vir elke boer in ons land, asof dit ons self is wie se plaas en inkomste deur die droogte bedreig word.
- Ons bid vir 'n geestelike herlewing onder ons boere en hulle plaaswerkers – vra die Here dat die droogte juis ons boere in nederigheid na Hom toe sal draai, en nie in verbittering weg van die Here laat draai nie.
- Ons vra, saam met die werklike reën, ook vir geestelike reën, en 'n ryk oes van siele wat land wyd gered word.

Korrupsie

Oor die laaste maand of twee het verstommende feite oor korrupsie aan die lig gekom, deur die getuigenis van persone in maatskappye skuldig aan omkoop en "staats kaping" Wat veral hartseer is, is die biljoene rand wat gemors is, en verlore is, wat eintlik gebruik moes word om ons land te ontwikkel en verbeter, tot voordeel van elke burger. Ongelukkig moet ons aanvaar hierdie verlore geld is "water onder deur die brug" maar ons kan vir die Here vra om te doen wat Hy in Joel 2:25 belowe – om dit terug te gee (en nog meer selfs) wat die kaal vreter (sprinkaan) gevreet en vernietig het.

Ons bid teen korrupsie.

- Dat die Here toenemend korrupsie en staats kaping op alle vlak sal oopvlek en openbaar.
- Dat die Here die wat reeds getuig het sal vergewe, genadig wees, en beskerm.

- Dat die Here 'n onweerstaanbare drang by ander sal bring om na vore te kom, om die boosheid van korrupsie verder te ontbloot, en om hulle eie gewetens en lewens voor die Here skoon te kry.
 - Dat die Here die jare wat die kaalvreter van korrupsie by ons land en sy mense gesteel het, sal teruggee, ons land genadig wees, en ons finansieel genees, tot seën van elke landsburger.

Ons bid een keer per week vir onderstaande gebed onderwerpe, of meer dikwels as die Here so lei.

Maandae: Grondeise en hervorming.

Hierdie bly 'n sensitiewe onderwerp, baie na aan baie mense se harte – ons bly in 2019 intree hiervoor.

- Daar is oorgenoeg grond vir almal! Ons bid vir die Here se genade om die grond regverdig in te deel, sonder bitterheid, rassitiese aantuigings of bloedvergieting.
- Ons bid vir elke boer – swart, blank, kleuring, Indiër.
 - Vir kalmte, rustigheid en verdraagsaamheid.
 - Dat swaarkry en bedreiging ons boere en hulle plaaswerkers na die Bybel en gebed sal dryf, eerder as na geweld en die wapen.
 - Ons bid vir versoening tussen boere en plaas werkers waar dit nodig mag wees.
- Ons bid vir die regering – vir hemelse wysheid om die grond kwessies reg te hanteer. **Ons vra vir 'n bonatuurlike wysheid vir elke besluitnemer, sodat almal betrokke regverdig en billik behandel kan word, menslik gesproke 'n onmoontlike taak.**
- Ons bid vir Pres Ramaphosa vir spesiale wysheid, insig en durf (courage) om die regte dinge te doen en sê.
- Ons weerstaan elke bose mag wat onenigheid, vyandskap en geweld in ons land wil dryf.

Dinsdae: Rassisme en rassehaat.

'n Arabier getuig op YouTube: "Before I met Jesus Christ I was conditioned to hate Jews. The other day I met a Jewish Christian brother, also born again and saved by the blood of Christ. The blood of Christ has transformed us from sworn enemies, to brothers with a deep love for each other, free from bitterness and hatred. Only the gospel can accomplish a miracle such as this. (Eie parafrase)

Die antwoord op rassisme is eenvoudig – 'n Nuwe skepping in Jesus Christus. (2 Kor. 5:17 – If any man be in Christ, he is a new creation)

- Ons bid vir Jesus in die hart van elke man vrou en kind in hierdie land – die enigste blywende teenvoeter vir rassisme en rassehaat.
- Ons bid vir versoening en vergifnis waar daar nog wrywing is tussen rasse-groepe.
- Ons bid vir ons skole en universiteite – dat God op 'n bonatuurlike wyse versoening sal bring tussen verskillende rasse en bevolkings-groepe.
- Ons bid vir 'n regering wat alle wetgewing wat rassehaat mag bevorder, sal heroorweeg en skrap.

Woensdae: Polisie, weermag en gevangenis dienste.

Tydens die "It's time 2" byeenkoms in 2018, het oom Angus spesiaal klem gelê daarop, dat ons vir ons land se polisiemag moet bid. Ons gaan voort hiermee in 2019 – ons vra God se seën oor elkeen wat opoffer om ons, as landsburgers, veilig te hou.

- Ons bid vir elke polisieman en polisievrout vir Goddelike beskerming terwyl hulle hulle gevaarlike dagtaak uitvoer.
- Ons bid vir leierskap van ons polisiemagte, weermag en gevangenis dienste.
- Ons vra dat die gevaar en werklikheid van die dood vir elkeen sal dwing om te begin dink oor die lewe na die dood, en die ewigheid. **Ons vra dat God se Gees baie sal oortuig oor die noodsaaklikhede van bekering / wedergeboorte.**
- Ons bid vir landswye herlewung in ons polisie, weermag en gevangenis dienste. **Jesus in the heart of every policeman / woman.**
- Ons vra dat ons polisiemag weer die nodige outoriteit en respek sal kry wat dit verdien. Ook die liefde, omgee en deernis van 'n dankbare bevolking.

Donderdag: Skole, universiteite, kolleges.

Hierdie week het daar 'n tragedie plaasgevind by 'n skool in Vanderbijlpark – kinders is dood en ernstig beseer toe 'n dak meegegee het. Ons harte gaan uit na almal betrokke – skoolhoof, onderwysers, ouers, kinders.

- Ons bid vir almal geraak deur die tragedie in Vanderbijl. Ons vra dat die Here in besonder met ouers, vriende en familie sal wees van kinders wat seergekry het of oorlede is. Vir bo-natuurlike troos waar mense troos en woorde ver tekort skiet.
- Ons bid vir elkeen wat hierdie jaar skool of universiteit of kollege begin. Ons vra die Here om vir hulle 'n toekoms in ons land te gee, en hoop om nie moedeloos te raak nie. Ons vra dat onsekerheid studente en skoliere nader aan Jesus, nie verder weg sal dryf nie.
- Ons bly bid vir elke leerling / student vir:
 - Ontvanklike harte vir die Woord en evangelie.
 - Beskerming teen verkeerde invloede en “bullying”
 - Beskerming teen onreinheid, verkeerde verhoudings, verkragting en pornografie.
 - Beskerming teen die mag en houvas van dwelms, alkohol, ens, veral in die vakansie tyd.
- Ons bid vir herlewung in ons skole, kolleges en universiteite. **"Jesus in the heart of every scholar and student"**

Vrydae-Ekonomie.

Daar is miljoene landsburgers wat nie werk of inkomste het nie. Daarmee saam, miljoene meer wat uit letterlik elke land in Afrika 'n heenkome hier kom soek het. Ons regering kan onder die mees ideale omstandighede nie werk skep vir elkeen nie.

*Kom ons pleit by die Here vir 'n wonderwerk, dat Hy hierdie gees van korrupsie en bankrotskap oor ons land sal breek, en ons land finansiëel sal seën en voorspoedig maak. **Ons breek in gebed die duivel se houvas oor die ekonomie en finansies van hierdie land (Jakobus 4: 7)***

- Ons bid vir 'n regering wat korrupsie haat, en met wortel en tak sal uitroei.
- Ons bid dat die Here die vloek oor ons ekonomie sal vervang met 'n seën, en dat ons regering die finansiële voorspoed met wysheid sal hanteer, tot voordeel van landsburgers wat gebuk gaan onder armoede en swaarkry.
- Ons bid vir elkeen wat die swaar en vernedering van werkloosheid moet deurgaen. Vra die Here om hierdie persone genadig te wees. Ons bid ook dat die swaar hulle juis nader, en verder weg van die Here sal dryf nie.

Saterdag – Kerke en predikers

Die ongereddes en verlorenes in Suid Afrika wag (sonder dat hulle dit beseef) vir die kerk om op te staan en met 'n duidelike stem te proklameer – Jesus Christus is die antwoord, kom na Hom toe, Hy sal vir julle rus gee....Maar dit is asof ons die kerk in ons land met stomheid verslaan is. Ons bid vir die kerk in ons land, en ons predikers, dat ons as kerk sal word dit wat die Here ons werklik bedoel het om te wees, 'n stem wat duidelik en onbeskaamd Jesus Christus as die verlosser van die wêreld verkondig.

Ons bid vir kerke dwarsoor ons land:

- Kerklidmate:
 - **Vir nuwe bekerings, en vir** geestelike groei en verdieping by bestaande lidmate.
 - Dat elke lidmaat saam met hom/haar 'n boodskap van hoop sal uitdra vir 'n verlore gaande wêreld.
- Predikers: Bid spesifiek vir jou gemeente se predikers, een vir een, op die naam.
 - Dat predikers landwyd 'n boodskap van hoop van die kansels af sal verkondig vir 'n verlore gaande wêreld.
 - Vir 'n dieper verhouding met die Here, dag vir dag, en 'n kragtige en groeiende gebed lewe.
- Kweekskole, Bybel skole en kolleges.
 - Vir geesvervulde professors en mentors om ons jong predikers op te lei.
 - Dat enige dwaalleer ontbloot en verwyder sal word.

Sondae – Families en gesinne.

*“As the family goes, so goes the nation”... **Die huwelik en gesin is God se bousteen vir gemeenskappe en nasies.** Die huwelik is egter deur God ontwerp en kom net tot sy reg as daar aan God se reëls en vereistes voldoen word. Kom ons vra die Here vir herstel van huwelike dwarsoor ons land, tot eer van sy Naam.*

- Ons bly bid teen die bese aanslag op huwelike, dat huwelike wat op die rand van egskeiding staan gered sal word. (Miskien ken jy iemand met ‘n huwelik wat swaarkry – bly asb. bid vir daardie persone en hulle kinders, vir redding vir die gesin) Vra die Here dat die bese nie in sy plan sal slaag om daardie huwelik te vernietig nie.
- Ons bly bid dat mans sal opstaan om hulle verantwoordelikheid as pa en geestelike leier van die gesin weer in te neem. Ons bly bid dat ma’s nie so beroeps gefokus sal word dat gesinne en veral kinders daaronder ly nie.
- Ons bly bid vir gebroke huishoudings.
 - Enkel ouers dat hulle Jesus se liefde toenemend sal ervaar, nie moedeloos sal raak nie en op God se tyd weer ‘n huweliksmaat sal vind.
- Weeskinders.
 - Bid dat God self sal ingryp om die kindertjies genadig te wees.
 - Bid dat die kerk sal opstaan en meer en meer sy rol begin speel in die oppas van weeskinders. (in lyn met die bybelse opdrag in Jak 1:27)

Ons dank elkeen wat deelneem by voorbaat vir julle gebede – ons weet dis nie tevergeefs nie!

Seën, MPG gebed span.